# Die Famielie Steyn — Jacobus Steyn (1683—1753)

Deur JOHN MUIR, D.Sc.
(Stellenbosch)

III.

TOE Douwe Gerbrants Steijn vroeg in die jaar 1700 oorlede is, het hy sy weduwee, Maria Lozee, nagelaat met twee kinders, Jacobus en Anna, oud onderskeidelik sewentien en ag jaar. Eersgenoemde is die eerste voorvader van die famielie van wie ons definitiewe kennis besit. Dit was moeilike tye vir 'n weduwee met 'n gesin en haar eie eiendom, sodat dit waarskynlik gelukkig is dat sy op 27 Februarie 1701 met Paul Heyns van van Leipzig [2]) in die huwelik getree het. Sy eerste vrou is in Mei 1700 oorlede, 'n paar weke na die dood van Douwe Gerbrants Steyn [1]), en Paul Heyns is agtergelaat met ses moederlose kinders om voor te sorg. Hul ouderdomme het geloop vanaf vyftien jaar tot 'n babetjie wat 'n klein rukkie vantevore gebore was. Heyns was ses-en-veertig jaar oud en was sedert 1679 [3]) in die Kaap woonagtig, eers in diens van die O.I.K., waar hy die rang van sersjant behaal het, en later as vryburger. In die huweliksregister [2]) word die verklaring herhaal dat Maria Lozee 'n Zuid-Afrikaner was. Mnr. C. G. Botha wat dieselfde mate van belangstelling in die famielie Heyns stel as skrywer hiervan in die Steyns, en om redes van dieselfde aard, het uitgevind dat daar ses kinders was, in plaas van die vier wat deur De Villiers genoem word. Laasgenoemde se mededeling van die volgorde en datums van hul geboorte is ook verkeerd. Ek het self ook die kerkboeke nageslaan. Hul name is Sara, Johannes, Anna, Hendrik, Michiel Africano, en die babetjie Maria. Simon van der Stel self het as peetvader gestaan vir Michiel Africano, en die peetouers van Johannes was Douwe Gerbrants en Maria Lozee.

'n Waardevolle inligtingsbron vir die famielie Steyn is die feit dat in die Monsterrol vir 1702 verklaar word dat daar sewe kinders in die gesin was — die enigste geleentheid waarop dit aangeteken is — d.w.s. twee kinders van Maria Lozee en vyf van Paul Heyns, daar een blykbaar oorlede is. [4]) Hulle het almal op die hoek van Strandstraat gewoon, nie ver van waar die Manchester-hotel vandag staan nie.

Die sosiale posiesie van die Steyns het baie dieselfde gebly. Paul Heyns was 'n taamlik bemiddelde en opgevoede man vir daardie dae: hy kon by voorbeeld skrywe. In 1699 het hy 'n soldaat in sy diens gehad, soos dikwels toegelaat is; [5]) hy het ook slawe besit [6]). In die jaar 1700 het hy 'n vennootskap aangegaan met die vryburger Barend Pietersz „omme twee posten of plaatsen met vee te beleggen," besonderhede waarvan verstrek word [7]). Ses jaar later het hy in 'n lang beëdigde verklaring aangevoer dat hulle van hul plase verdryf en byna geruïneer is deur die magtige Henning Huising. [8]) Volgens 'n feit waarvan reeds melding gemaak is, is dit duidelik dat hy party getrek het vir die Van der Stels, en in 1706 het hy ten gunste van W. A. van der Stel geteken, sodat hy dus sowel in die politiek as in besigheid teen Huising gekant was.

Paul Heyns en Maria Lozee het hul hele lewe lank in die Kaap gewoon, en aangesien hul geskiedenis gedeeltelik saamval met dié van Jacobus Steyn, sal dit nuttig wees om dit hier kortliks aan te haal. Op 31 Augustus het Heyns „de tweede vierde" gedeelte van die Kaapse wyn-konsessie vir 8,500 guldens gekoop. Ook het hy 'n plaas met vee besit. 'n Aaklige ramp het die huishouding in 1713 oorval, toe die eerste vreeslike epidemie van pokkies die lede van sy gesin getref, die dood van sy slawe veroorsaak en die stopsitting van sy besigheid meegebring het. Indirek het dit ook gelei, waarskynlik deur nalatigheid, tot die verlies van sy vee. [9]) Hierdie epidemie, wat 'n reuseaantal sterfgevalle in die Kolonie veroorsaak het, word treffend beskryf, sowel deur Valentijn as in die Register.

Sy vrou en kinders het daar gelukkig met hul lewe van afgekom, dog die ernstige moeilikhede waarin hy later verval het, blyk uit twee nood-aansoeke [9]) wat hy tot die Raad gerig het. Daarin vertel hy hoe hy verplig was om sy plaas en sy meubels benede hul waarde te verkoop. Ondertussen het die jonger Heyns in die huwelik getree, en Anna het die eggenote geword van Cornelis Doesen, 'n diaken van die kerk. [10]) Gedurende hierdie jare word Paul Heyns en Anna Lozee op die Monsterrolle genoem. Hy is in 1721 in die ouderdom van ses-en-sestig jaar oorlede en op die kerkhof van die Groot Kerk begrawe. Sy vrou se naam verskyn daarna as die weduwee Paul Heyns.


Douwe Gerbrants Steyn het in 1699 in sy testament sekere verpligtings op sy vrou gelê met betrekking tot die opvoeding van hul enigste kind Anna.

Op 22 Julie 1711 kom die volgende aantekening van aanneming voor: [11]) „Hebben haar Geloofs belijdenis gedaan, Ante Steijn." Maria Lozee was die getuie. Op 31 Januarie 1717 is Anna in die huwelik bevestig met Marthinus Prins van Fryburg en aldus die stammoeder van die famielie Prins geword. [11]) Die belofte aan Douwe Gerbrants is vervul. Johan David Prins, die enigste kind van die huwelik is gedoop op 21 November 1717, [11]) en die moeder se naam word aangegee as Antje Douwe. As getuies het opgetree haar halfbroer Jacobus Douwe en haar moeder. Lodewyk Prins wat gedood is deur 'n olifant tydens die hulp-ekspediesie na die gestrande *Grosvenor*, was 'n kleinseun van Anna. Alle Steyns moet hulleself dus die besit verseker van die Van Riebeeck-vereniging se boek deur Van Renen waarin die ongeluk en die tog beskryf word.

Maria Lozee het Paul Heyns twee-en-twintig jaar lank oorleef: daar was geen kinders van die huwelik nie. Vanaf Januarie 1741 tot Oktober 1742 verskyn haar naam elke maand as voog van 'n arm meisie, Anna Blat, vir wie se onderhoud die kerk 'n klein geldelike bydrae geskenk het. Ook het die kerk haar elke jaar van klere voorsien. [12]) Sy was geselskap vir Maria Lozee in haar hoë ouderdom, daar laasgenoemde blykbaar haar eie huis besit het. Haar naam en dié van Anna Blat verdwyn van die rol ná Oktober 1742, maar eersgenoemde verskyn nog op die Monsterrol vir 1742. 'n Aantekening in April 1743 stel die datum van haar dood vas — „Een graft op 'n Kerkhoff voor de weduwe van Paul Heyns 18.0 g." [12]) Haar seun was toe sestig jaar oud, sodat sy moeder tagtig jaar of ouer moes gewees het. Dit is jammer dat daar geen verdere lig op hierdie interessante persoonlikheid gewerp kan word nie. Die veelbelowendste navorsing lei keer op keer tot 'n teleurstelling net wanneer dit lyk of sukses binne die bereik is. Sy is die oudste Suid-Afrikaanse voorouer van die famielie Steyn.

Jacobus Steyn, wie se vorige geskiedenis in bostaande relaas vervat is, het op 4 Oktober 1706 in die huwelik getree met Maria Potgieter, 'n peetkind van sy vader en sy stiefmoeder, waardeur die vriendskapsband tussen die Steyns en die Potgieters dus hegter geknoop is. Deur laasgenoemde gaan die Steyns ook terug tot 'n baie vroeë datum in die geskiedenis van Suid-Afrika. Hulle was 'n moedige en avontuurlike fa-

(*Vervolg op bladsy* 49.)




In die ivoor-afdeling van die Londense hawe kan die eienaardigste ware gesien word. Daar is onlangs o.a. 'n lading van 140 ton tande van voorhistoriese mammoete gelos. Geleerdes beweer dat sommige van hierdie tande 50,000 jaar oud is. Hierdie tande word uit die ys in die poolgebied gegrawe en is baie waardevol. Die twee op die foto is 10 voet lank en weeg elk 140 lb. (Foto Wide World.)

1) *Journaal*, D'A° 1696-1700.
2) *Grote Kerk Reg.* (oudste).
3) *Req.* 20, 1715. C.223.
4) No. 49, 1702 (p. 14).
5) *Defence W. A. van der Stel*, Leibbrandt, 1897. p. 112.
6) *T. & S.* 30.1.1702, ens.
7) *T. & S.* 30.1.1702.

8) *Defence W. A. van der Stel*, pp. 184-5. (Precis, Leibbrandt).

9) *Req.* 20 & 77, 1715, C.223.
10) *Req.* No. 14, 1715.

11) *Grote Kerk Reg.*
12) *Journ. D'A°* 1741-1745.

# Die Famielie Steyn —

(*Vervolg van bladsy* 31.)

mielie van jagters en ontdekkingsreisigers wat op Drakenstein gewoon het. Om te veg, was vir hulle amper twede natuur, soos bewys word deur hul optree teen Boesmans en Hottentotte in 1715, 1731, ens. Alle Steyns en Potgieters moet hulself die besit verseker van Blommaert en Gie se boek met die beskrywing en tekening van die leeujag in Starrenburg se joernaal, waarin Jan Harmansz Potgieter 'n leidende rol speel.[13]) Dit is maklike ietems om in die hande te kry in die versameling van 'n argief oor die famielie Steyn. In dieselfde jaar het hy, eweas sy stiefvader, eiehandig geteken ten gunste van W. A. van der Stel. Tot ongeveer 1711 of 1712 het hy aan die Kaap gewoon, dog van 1713 tot 1716 het hy op Drakenstein gewoon, en in 1717 was hy op die rol vir Stellenbosch. Dit is die twede verhuising in die geskiedenis van die Steyns. Hy het egter in 1715 die twede vierde gedeelte van die brandewynlisensie vir 3,100 guldens gekoop, dog in die volgende jaar het hy gevind dat die finansiële verpligtings swaar op hom druk.[14]) Hy was ook een van die slagters wat 'n petiesie ingestuur het om toegelaat te word om die prys van vlees van 2½ tot 3 stuiwers te verhoog as gevolg van die skaarste aan skape — 'n versoek wat eindelik na die Burgerraden ter oorweging gestuur is. Hierdie petiesie was waarskynlik heeltemal geregverdig, aangesien ons weet dat daar in die jaar 1717 aan die Kaap 'n groot vrekte onder die skape was. Dit was inderdaad 'n tydperk van kwaai depressie op landbougebied, en die boere kon nie hul verpligtings nakom nie. Brandsiekte en ruspes het reeds hul verskyning gemaak, en, nog die ergste van al, Suid-Afrikaanse perdesiekte is vir die eerste maal op 26 April 1719 deur goewerneur De Chavonnes aangekondig. Hy was 'n uitstekende sakeman en het hoegenaamd geen skuld gehad aan die moeilikhede waaronder die land gebuk gegaan het nie.

Nietemin, op 15 Maart 1719 het hy ,,Welgemeent'' in die Tuine gekoop. Die eiendom was oorspronklik toegeken, in Augustus 1693, aan Andries de Man, onder-Goewerneur van die Kaap.[15]) Dit is in die vroeë dae beskryf as ,,Land in Tafel Valley S.O. aan voet van Tafelberg'' en het sy huidige naam eers in 1709 (T.772) ontvang, toe dit aan Michiel Ley verkoop is. Die teenswoordige ,,Welgemeendstraat'' is later hierna vernoem. Die huis was destyds, eweas tans, een van die aangenaamste wonings aan die Kaap, maar dit het deur baie hande gegaan, waarskynlik omdat dit te ver van die Kasteel was. Die Koopprys was 4,400 guldens, ,,Indische valuatie''. Hy het stil en rustig die lewe van 'n burger van die Kaap gelei, en die laaste van sy groot gesin van elf kinders is in 1729 gebore. Sy oudste dogter Maria, gebore in 1707, het die stammoeder van die famielie Kriel geword, maar is in 1724 oorlede. Sy seuns Jacobus, gebore in 1723, en Hermanus, gebore in 1711, het amper die leidende figure geword in die vroeë geskiedenis van Swellendam, dog hiervan later meer.

Hy het sy huis en tuin ,,Welgemeent'' op 14 November 1730 verkoop aan Johannes F. C. Michault vir 5,000 guldens ,,Caabsche valuatie'' en verder 1,200 skape en roerende eiendom vir 1,300 guldens. Hy het die eiendom langer bewoon as enige ander vorige eienaar.[16])

Sy seun Hermanus het 1731 in die huwelik getree met Petronella Kemp, by wie hy in 1735 drie kinders gehad het. Die dood van sy jong eggenote in laasgenoemde jaar, stellig aan kraamkoors, is een van die tragedies van die lewe in daardie donker tydperk toe geoefende geneeskundige hulp nie beskikbaar was nie. Die inventaris[17]) van die huis kan in die Argief gesien word en werp 'n interessante lig op die meubilering van die woning van 'n jong burger van die middelstand gedurende die eerste kwart van die agtiende eeu. Die vader Jacobus verskyn as die vernaamste skuldeiser in die gesamentlike boedel. Dit is die allereerste inventaris van enige voorouer van die famielie Steyn. In 1739 het hy in die huwelik getree met sy niggie Martha Potgieter, en vier jaar later het hy verhuis na Swellendam, waarheen enkele lede van sy vrou se famielie reeds gegaan het.

Gedurende die jare 1741 tot 1745 — en miskien voor en ná hierdie datums — was hy die voog van twee jong mense onder die kerkgesag. Een van hulle was Jacoba Alida Campher. Haar naam verskyn in De Villiers se boek, en sy het in 1749 in die huwelik getree. Die name van sy seuns Douwe en Jacobus verskyn op die rolle naas dié van die ouers, en waarskynlik het hulle almal saam gewoon. In 1743 was hulle die peetouers van hul kleinkind Hermanus.

In 1752 verskyn Jacobus Steyn se naam vir die laaste maal op die Monsterrol: in 1753 word net dié van die weduwee Jacobus Steyn aangeteken. Sy seun Jacobus het na Swellendam gegaan, en die famieliekring is verbreek.

Douwe het egter aan die Kaap gebly en in 1755 aansoek gedoen om verlof om 'n bakkery te open.[18]) Sy weduwee het geleef tot 2 Januarie 1773. Sy was toe ses-en-tagtig jaar oud en is op die begraafplaas in Somersetweg begrawe.[19])

Hiermee is die eerste stadium van die geskiedenis van die Steyns afgesluit. Ná die tyd is daar maar min van hulle aan die Kaap gehoor. Die derde en grootste famielieverhuising het plaasgevind, en Swellendam sou die werklike bakermat van die famielie word, wie se verteenwoordigers in 1795 die stormvoëls van die rebellie daar was. Daarvandaan het alle verdere trekke van die Steyns plaasgevind, nl. na Somerset-Wes, Graaff-Reinet, Steynsburg, en ten slotte dwarsdeur Suid-Afrika.

Hul verdere merkwaardige en eerbare geskiedenis hang vir sy vertelling tot 'n groot mate van die welwillendheid van my lesers af.

13) *Uit Ou Reisbeskrywinge*, pp. 196-202, 1922. Nas Pers.
14) *Req.* 20.1716. C.223.

15) *T.* 1291. 1719 in die Akte-kantoor.

16) *T.* 1962 in die Akte-kantoor.
17) *Invent.* 1727-1737. No. 83.

18) *Req.* 1755. No. 121.
19) *Dood Reg.* C.A.